

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

7 Desember 2008

>

Met al die reën vind 'n mens baie wortelvrot in van jou bome.
Tekens van wortelvrot is dat die plante se blare 'n dowwe groen kleur word, verwelk lyk en afval sonder om uit te droog. Die simptome van wortelvrot word gewoonlik laer af op die plant eerste aangetref. Die gellerde naam vir Wortelvrot is 'Botritisvrot'. Om dit te behandel kan jy Bravo of Fungi-nill gebruik
Potplante met swak dreinering kan ook met al die reën 'n problem wees. Nie alle plante is waterplante nie. Tilt die pot op sy sy en druk die verstopte gate oop. Onthou dat potplante se dreinering van so 'n aard moet wees dat as jy 1lt ingooi moet meer as die helfte deur dreineer.
Al die loogook die grondgeweldig. Voergereeld met kunsmishoog in stikstof. Tekens van min kos is dat die plante se blare 'n liggroenkleur word en aan die plant bly, die groeiverminderookgeweldig.

Gebruik die baie reen tot jou voordeel. Hou jou water In die tuin en moenie dat dit net wegspoel nie.

14 Desember 2008

Nou dat jy weggaan vir vakansie kan hier die basiese reels vir potplante gevolg word

1. Skuif jou binnenshuise plante na 'n ligte posisie maar waar hulle nie direkte son deur 'n venster kry nie.
2. Maak die gordyne nie te styf toe nie, dat die plante nie gaan vrek van te min lig nie
3. Maak jou plante goed nat. Gooi dit nat, gee dit 'n halfuur en gee weer water. Nou sal die grond versadig wees. As daar water deur loop na die piering onder die pot, sal dit bietjie kstra vog terughou. Moenie dit elke week in die piering terughou nie anders word die grond suur.

WENK Plaas 'n emmer water in die vertrekwaar die plantestaan nader aan 'n venster. Die water sal stelselmatig verdamp en die lug vogtiger maak sodat die plante nie te vinnig uitdroog nie.

4. Skuif jou plante buite uit die direkte son, dan sal dit nie vinnig uitdoog en brand as dit in die skaduwee staan nie.
5. Mengwaterhoudende korrels (bv Stockosorb of Absorb –it) in die grond en gooi 'n deklaag bo-op neer. Onthou die deklaag help omonkuide onder beheer te hou en dit verminder ook verdamping.
6. Voer jou potplante voor jy weggaan dan sal die plante makliker stress kan hanteer.

- Sny jou grasperk voor jy weggaan.

28 Desember 2008

- Onthou nou met die hitte floreer die alge in jou visdam.
- Verskeie faktore wat die alge bevoordeel is: Weerlig, Kunsmis, Vars Kraanwater en die Son
-
- As jy wil hêplante moet as 'n filtreermedium dien, moet 60% van die wateroppervlak met plantebedek wees.
- Jy kan 'n Biologiese Filter insit, maar onthou die water mag nie meer as een keer die volume van die dam per uur deurloop nie.
- As jy meer water in die dam moet byvoeg, moet jy probeer om die water eers vir drie dae in 'n emmer of twee te laat staan om al die chloor te laat ontsnap.
- Sodra die water nie sirkuleer nie en daar is nie plante nie, word jou water vrot en anaerobies.

tuis&home

EFEKTO For Life